

FALCON FOCUS




Est. 1985

FALCON

UITREIKING 52 • JULIE 2017

REËN IS ONS SEËN



Nampo 2017

Ons verbinten is en vennootskap met Amazone, vir wie ons die alleeninvoerder in Sub-Sahara-Afrika is, gaan van krag tot krag, en 2017 was nóg 'n groot jaar vir verkope. Ons goedgevestigde reeks hoëpresisie-kunsmisstrooiers beïndruk steeds en het die markleier in Suid-Afrika geword. Met 'n verandering in boerderymetodes het verkope van ons 3 200–6 200 liter-sleepspuite en die 1 800 liter-monteerspuit met 'n bykomende 1 000 liter-voortenk vanjaar ontplof en verwagtinge baie ver oortref – meer hieroor op die volgende bladsy.

Ondanks die feit dat ek nou 15 jaar by Falcon agter die rug het, is daar een aspek van die besigheid wat ek nog nie kon verstaan en bemeester nie – die weer! Wat is die perfekte weerpatroon? Tydens ons besoeke is daar altyd gesprekke rondom “te min”, “te veel”, “te laat”, “te vroeg” – maar selde, indien ooit: “Die weer was sover perfek.” Al wat ek weet, is: min of geen reën is baie sleg vir besigheid, ons bedryf en die land. Die ekonome vertel ons dat daar vanweë die onlangse droogtes 'n 13%-afname in landbouproduksie was, wat tot 'n 0,4% laer BBP-groei in sowel 2015 as 2016 gelei het. Wanneer jy sulke lae groei het, soos ons tans in Suid-Afrika (1,3% in 2015 en 0,3% in 2016), dan maak 0,4% 'n groot verskil. Ons het ook een van die wisselvalligste geldeenhede ter wêreld, en is wat dit betref, dikwels nr. 1 – óók iets wat ons nie nodig het nie. Ons landboubedryf, met die boer in die episentrum, het weer eens gewys hoe veerkragtig ons is, en die sektor het van een van sy ergste jare na een van sy beses beweeg. Ek sê altyd ons meet ons omset met 'n reënmeter.

Op die tuisfront het ons 'n opwindende en geslaagde 2017 gehad, met vyf nuwe Falcon- and Amazone-implemente wat by Nampo bekendgestel is, die hervat

van Falcon- and Amazone-onderdeelverspreiding vanaf Howick, en die Amazone gesleepte en gemonteerde spuite, wat die mark gaande het.

Toe ek ons reis na Nampo deur die woestyn verlede jaar vergelyk met tonele van geil gewasse hierdie jaar, het ek geweet dat die luim by Nampo vanjaar positief en geesdriftig gaan wees. Dit was toe ook so, en ons het 30% van al ons Nampo-navrae in bevestigde verkope deur ons gemagtigde handelaarsnetwerk omskep. Nog 'n suksesvolle Nampo!

Dit gaan uiters goed met die verspreiding van ons onderdele vanaf die Howick-fabriek, en terugvoer oor gehalte, pryse, omkeertyd en algehele diens is uitstekend. Ons het maar net vier maande gelede hiermee begin, en ons weet dat die diensvlakke wat ons handelaars en eindgebruikers verwag, weer 'n werklikheid begin word. Moet asseblief nie huiwer om my of enige Falcon-personeelid te skakel met terugvoer nie, hetsy dit goeie of slegte nuus is. Ons wil veral weet as iets sleg is, omdat ons niks kan doen om die situasie te verbeter as ons nie daarvan weet nie, en ons is baie oop vir enige voorstelle of idees wat jy mag hê.

Die reeks grondbewerkingsimplemente, wat die Cenius-beitelploeg en die Catros kompakte skotteleg insluit, begin momentum kry, en ons glo dit sal die volgende produkgroep wees wat sy merk in Suid-Afrika maak.

Van ons almal by Falcon, dankie vir jou ondersteuning deur moeilike én voorspoedige tye, en ons sien daarna uit om jou in die komende seisoen te ondersteun.

Steve Thurtell
Besturende direkteur



Ns. Tawwe tye hou nie vir altyd nie, maar tawwe mense doen. – Anonim

Nns. Dis nie net wat ons doen waarvoor ons verantwoordelik gehou word nie, maar ook vir wat ons nie doen nie. – Molière



HOU TRED MET DIE TYD: KIES WYD

In die afgelope 30 jaar het die gemiddelde krag van trekkers op Suid-Afrikaanse plase met 33% gegroei van minder as 60 kW tot omtrent 80 kW. Dit is geëwenaar deur 'n toename in die grootte van implemente, met die doel om bedryfsdoeltreffendheid en produktiwiteit te verhoog. Ons het hierdie tendens nagevolg en 'n aantal groter weergawes van ons beproefde wentelsnyers bekendgestel asook 'n reeks vleëlsnyers ontwerp en vervaardig om die huidige mees gewilde trekkergrottes te pas.



Die Falcon Flexwing wentelsnyer het hom as baie gewild bewys

Die grootste wentelsnyer wat nog ooit in Suid-Afrika vervaardig is, is die Falcon F60/450 Flexwing. Dit is spesifiek ontwerp om strawwe plaaslike toestande die hoof te bied, en met 'n massiewe 4,5 meter snywydte is dit hoogs produktief en terselfdertyd, soos alle Falcon-geboude toerusting, duursaam en betroubaar.



Die ikoniese "Hooimaker" kan nou 3,5 meter wyd sny

"Gaan in die veld in, doen die werk, geen probleem nie" is die reputasie wat die Falcon Hooimaker®, Suid-Afrika se gunsteling hooisny implement, oor die afgelope 30 jaar geskep het. Dit is nou beskikbaar as 'n dubbelrotor-eenheid wat 3,5 meter wyd kan sny, sowel gemonteer as gesleep, en maak dit moontlik vir 'n trekker wat deesdae as van matige grootte beskou word, 'n enorme hoeveelheid hooi in 'n dag te sny.



Drie meter wye wentelsnyer, sowel gemonteer as gesleep

Falcon-wentelsnyers het al 'n reputasie vir doeltreffendheid en betroubaarheid gevestig. Die nuwe gesleepte weergawe van die dubbelrotor 3,0 meter model kan deur 'n kleiner trekker hanteer word as die gemonteerde weergawe en bied 'n werktuig wat 'n hoë werktempo kan lewer, asook 'n skoon snit en uiterste betroubaarheid.



Die Falcon-vleëlsnyer sny nou tot 2,3 meter wyd

Falconse algeheelnuwe vleëlsnyerreeks kan 'n wye verskeidenheid sny- en mulch-operasies uitvoer, insluitend weidinginstandhouding en die mulch van snoeisels in boorde, asook die droging van oesreste soos mieliereste en koringstrooi.

Die tendens na wyer implemente is selfs nog meer opvallend by grondbewerkingstoerusting. Hier word produktiwiteit ook verbeter deur werktuie te ontwerp om vinniger te werk. Grondbewerkingssimptome wat doeltreffender werk teen hoër spoed kan lewer, is nie net meer produktief nie, maar oefen ook minder stremming op trekkertransmissies uit. Die toerusting wat deur Amazone verskaf word en wat Falcon regoor suidelike Afrika versprei, verteenwoordig die nuutste in implementtegnologie.

Amazone se mees gevorderde implemente vir grondbewerking



Wanneer dit kom by die kies van 'n implement, soek baie boere na 'n werktuig wat nie net sal help om vestigingskoste te verminder nie, maar ook so veelsydig as moontlik sal wees.

Die Catros+ is ideaal vir vinnige, vlak en intensiewe stoppelmengwerk en raak nie verstop nie, selfs met groot hoeveelhede oppervlakstrooi. Dit word hoofsaaklik gebruik om mieliestronke en graanstoppels te inkorporeer, grasveld of onbewerkte grond los te werk, en organiese mis te inkorporeer. Die Catros+ is toegerus met gehapte skottels vir 'n maksimum moontlike werkdiepte, wat ongeveer 15 cm is. Hierbenewens word die slytingsperk nie so gou bereik nie. Van besondere belang is dat die skottels baie grof gehap is, wat die gevaar dat dit eenvoudig bo-oor oesreste sal rol, tot 'n minimum beperk. Hierbenewens kan die Catros+ ook gebruik word vir stoppelwerk ná die oes van graan of mielies. Verskeie rollers is beskikbaar om die grond ná die skottelploegoperasie te herkonsolideer. Die implement is beskikbaar in werkswydtes van 3 m tot 12 m en is óf gemonteer óf gesleep.

Die nuwe Amazone Genius-2TX gesleepte mulch-beitelploeg kan gebruik word vir take van vlak stoppelwerk tot die diep loswerk van bogrond. Dit kan verstel word om feitlik elke aanwending te pas, insluitend bewaringsbewerking. Die C-Mix-skaarstelsel bied skaaropsies vir alle aanwendinge en verseker intensiewe inkorporering. Die tande word beskerm deur 'n geveerde oorlading-veiligheids-toestel met 'n wegbreekkrag van 600 kg. Dit maak veilige bewerking tot 'n diepte van 30 cm moontlik, selfs in klipperige grond.

Die Amazone GreenDrill is 'n lugdrukplanter. Hetsy in kombinasie met die Catros-skotteleg, KE-wentel-kraggeg of Catros kompakte skotteleg, maak dit die saai van dekgewasse direk in stoppels in moontlik, en dit word ook vir die hersaai van weidinggewasse gebruik.

Die Amazone-reeks grondbewerkingssimptome bied die mark alles van toetreevlak-oplossings deur tot die mees gevorderde gemeganiseerde landbou-implemente. Amazone-implemente word in Suid-Afrika deur Falcon Agricultural Equipment versprei.

Vir meer inligting, besoek www.falconequipment.co.za



VAN SELFAANGEDREWE NA GEMONTEERDE OF GESLEEPT



Ons kyk na die groot toename in gemonteerde en gesleepte spuite in die Suid-Afrikaanse mark oor die afgelope seisoen en ontrafel die redes agter hierdie groeiende tendens.

Waar hulle eenmaal tot kleinskaalse boere beperk was, raak trekker-gemonteerde of gesleepte spuite nou toenemend gewild onder die baie grootskaalse boer wat tradisioneel selfaangedrewe spuite verkies het. Die ooglopendste veronderstelling is dat hierdie groot boere vestigingskoste wil verlaag en van die groot prysverskille

bewus raak. Maar dis dalk nie die enigste rede nie. Monteer- of sleepspuite het 'n aantal ander voordele vir die moderne boer en laat veel groter veelsydigheid in hul bedrywighede toe.

Die vordering in tegnologie, veral by maatskappye soos Amazone, het verseker dat die kapasiteit van monteerspuit nou vergelykbaar is met dié van selfaangedrewe modelle of dit selfs oortref. Die liggewig-ontwerp laat die gebruik van kleiner trekkers toe, en omdat hulle gemonteer word, maak hierdie modelle dit moontlik vir die trekkers om elders gebruik te word wanneer hulle nie spuit nie. Baie van die groter boere het nou een selfaangedrewe spuit met twee of selfs drie monteerspuit vervang. Dit maak spuit op verskillende dele van die plaas tegelyk moontlik en verkort die spuitproses. Dit pas ook die boer wat grond op verskillende plekke het en nou een trekker en monteerspuit op elke plek kan hê. 'n Algemene bekommernis vir baie van hierdie groot boere is af tyd wat ondervind word wanneer herstelwerk aan 'n selfaangedrewe spuit gedoen moet word. Die tydvertraging kan kritiek wees wanneer die tydvenster vir spuit kort is.


Veral gewild oor die afgelope Suid-Afrikaanse spuitseisoen was die Amazone UF 1801-spuit. Die standaardvermoë is 1 980 l, en daar is 'n opsie van 'n ekstra 1 000 l-voortek wat verseker dat hierdie monteerspuit net minder as 3 000 l kan hou. Die UF-reeks is ook toegerus met Super-S-balke met groot werkswydtes van 15 tot 28 m; en vir vinnige en veilige padvervoer word die Super-S-balk direk agter die spuit ingevou vir 'n vervoerwydte van slegs 2,4 m. Die Amazone UF-spuit beïndruk altyd met hulle maneuvreerbaarheid, eenvoudige hantering, dog hoë oppervlakte-doeltreffendheid.

Vir meer inligting oor ons volledige reeks spuite, kontak asseblief een van ons gemagtigde Amazone-handelaars.

NUWE FALCON F210 TURFPRO FINISHING MOWER

Die nuwe Falcon F210 TurfPro Finishing Mower, met 'n werkswydte van 2,1 m, gee 'n professionele afwerking op sportvelde, golfbane en ander gebiede onder hoëgehalte-gras.

Dit kan ongelyk oppervlakke met 'n minimum hoeveelheid skraping sny, en met gereelde sny hoef jy nie die snysels te verwyder nie, omdat hulle kort genoeg is om uit te droog en as mulch te dien.



Die Falcon F210 Finishing Mower is toegerus met drie vierkantige, lae-impak-lemmskywe met vier spesiale gekrukte en ingekeepte lemme.

'n Nuwe, lae-onderhoud band-aangedrewe stelsel bied ekstra betroubaarheid en minder instandhouding, terwyl die verbeterde hoogterestellingsmeganisme vinnige en maklike snyhoogte-instelling moontlik maak. Dit ry op volwydte rollers en kan veilig en doeltreffend in alle omstandighede gebruik word.



FALCON EN AMAZONE BY NAMPO 2017

NAMPO Oesdag het vanjaar 78 648 besoekers en 700 verskillende uitstallers getrek. Dit is 'n nuwe rekordbywoning vir die skou en volgens die organiseerders was dit te danke aan die uitstekende huidige seisoen vir somergewasse, wat positiwiteit in die besoekers geïnspireer het.

Falcon en Amazone was in ons gebruiklike posisies op staanplekke 99 en 100. Ons tema vir die skou was "Hou tred met die tyd, kies wyd", vanweë die aantal nuwe implemente wat ons bekendgestel het wat almal op groter werkswydtes gerig is, asook 'n aantal ander unieke implemente wat ons vir groter terreine het. Onder hulle was die Falcon F60-450 Flexwing wentelsnyer, die grootste in sy soort wat in Suid-Afrika gebou word; ons 3 m wye bossiekappers (sowel gemonteer as gesleep); die ikoniese Hooimaker®, wat nou in 3,5 m in sowel sleep- as monteerkonfigurasies beskikbaar is; en laastens ons Falcon-vleëlsnyer, wat tans tot 2,3 m wyd kan sny. Die Amazone-grondbewerkingsimplemente, die Catros (6 m) en die nuwe Genius (5 m),



was ook deel van die "Gaan wyd"-tema, met hulle groot werkswydtes vir gevorderde grondbewerking.

Die skou was 'n klinkende sukses vir sowel Falcon as Amazone, en ons verkope was uitsonderlik hoog. Miskien egter belangriker vir ons is die geleentheid wat dit ons elke jaar bied om met ons handelaars te verkeer, sleutelvennootskappe verder te ontwikkel en besoekers vanuit buurlande en die res van Afrika te ontmoet.

NUWE BANIER VIR BROSJURESTAANDER

Al ons handelaars wat oor 'n Falcon/Amazone-brosjurestaander beskik, sal 'n nuwe banier ontvang om die oue te vervang. Jou hulp met die vervanging van die ou banier met die nuwe een sal baie waardeer word.

Vir enige navrae in verband met enige bemerkingsmateriaal, moet asseblief nie huiwer om 'n e-pos aan Anna du Plessis by info@falconequipment.co.za te stuur nie.



AGRITECH EXPO ZAMBIË 2017

Agritech Expo Zambïë is 'n besigheid-tot-besigheid-platform vir landbouers, van kleinboere tot kommersiële ondernemings, om sake te doen met sommige van die wêreld se voorste verskaffers tot die landboubedryf. Die vertoning bied aan besoekers 'n unieke geleentheid om van die wêreld se voorste landboumaatskappye en -netwerk met landboukundiges te ontmoet.

'n Verskeidenheid Falcon- en Amazone-implemente was uitgestal en daar was goeie belangstelling getoon deur almal wat dit bygewoon het. Mnr. Willi Koldehoff van Amazone in Duitsland, saam met Wessel Vosloo van Falcon, was teenwoordig om die Afgri-span te ondersteun.



PERSONEEL NUUS

Ons wil graag Falcon se twee nuwe verkoosdames verwelkom. Louise Grobbelaar (links) was 'n jaar gelede aangestel by Falcon as Ontvangs Koördineerder. Sy gaan nou saam met Morgan Thuynsma (regs), wat in Februarie 2017 by ons begin het, by die verkoopskantoor aansluit.

Ons verkope span sal nou bestaan uit Amanda Strydom (Interne Verkoopspan Leier), Liza Little (Interne Verkope Koördineerder), Morgan Thuynsma (Interne Verkope Koördineerder) en Louise Grobbelaar (Interne Verkope Koördineerder).

Moet asseblief nie huiwer om hulle te skakel indien u enige navrae het nie.



STREEKSVERKOOPSBESTUURDERS ALTYD BESKIKBAAR

Westelike, Oostelike en Noordelike Provinsies

Vakante
072 650 0786

Noordwes Provinsie, Noord- en Wes-Vrystaat en Sentrale Gauteng

Isak Nel
082 560 2266

Limpopo, Mpumalanga en die res van Gauteng

Wessel Vosloo
082 443 5916

KwaZulu-Natal, Swaziland, Oos- en Suid-Vrystaat

Hennie van Romburgh
082 458 6243

Falcon Agricultural Equipment (Edms) Bpk, Posbus 170, Howick, 3290, KwaZulu-Natal, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 33 330 4764, Verkope: +27 (0)33 330 5787, info@falconequipment.co.za, www.falconequipment.co.za